www.matthew28.co.za

# Naamtetiese Apologetiek

## (Nouthetic Apologetics)

Lesing 1

Harry van Huyssteen
harryvh@matthew28.co.za
0826546736

# Naamtetiese Apologetiek

- Lesing 1: Beginsels van Naamtetiese Apologetiek
- Lesing 2: Die Uniekheid van Christus – Die Gesalfde
- Lesing 3: Die Groot Verhaal – die Ewige Lewe
- Lesing 4: Anwoorde op aanslae teen ons geloof

# Naamtetiese Apologetiek

- Beginsels wanneer ons getuig
- Wat is die rol van die kerk?
- Beskrywing van Apologetiek
- Die Krag van die Woord
- Die Boodskap wat ons deel

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

- Vertrouensverhouding
- Getuig
- Die Heilige Gees
- Die Woord
- Die Ewige Lewe



# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

- **Vertrouensverhouding**
- Getuig
- Die Heilige Gees
- Die Woord
- Die Ewige Lewe

Die gesprek hou by die belangstelling en uitvra van die ander persoon, nie konfronterend nie. Sodoende skep jy 'n vertrouensverhouding, leer die persoon beter ken en verdien die reg om te getuig.

**2 Timoteus 2:23-26**: *"23En die dwase en onverstandige strydvrae
moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek; 24en n dienskneg
van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor
almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra.
25Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God
hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid
nie, 26en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die
duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."*

**Baie mense kan doen met vriendelike belangstelling**

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

- Vertrouensverhouding
- **Getuig**
- Die Heilige Gees
- Die Woord
- Die Ewige Lewe

- Jy bewys nie die ander persoon verkeerd nie, jy bewys die Bybel, die Woord, as die Waarheid.
- Die gelowige gebruik die Bybel om te oortuig, dit is die kragtigste gereedskap wat die Heilige Gees gebruik. Daar is baie waarhede in die Bybel wat dit as God-geïnspireerde Skrif bewys.
- Die gelowige getuig van 'n lewende verhouding met God

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel



**Die Heilige Gees doen die oortuiging**

- **Markus 13:11:** *"En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daaroor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees."*
- **Johannes 14:26-27:** *"[26]maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [27]Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie."*
- **Handelinge 1:8:** *"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.„*

**Bly weg van filosofie – menslike wysheid teenoor openbaring van God**.

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

- Vertrouensverhouding
- Getuig
- Die Heilige Gees
- **Die Woord**
- Die Ewige Lewe

Dit gaan oor wat 'n mens in die Woord van God leer = openbaring - nie oor my kennis teenoor die ander persoon se kennis nie

Die gelowige se basis is die Bybel. Jy kan nie vasgevra word nie want, indien jy 'n antwoord nie weet nie, kan die antwoord wel in die Bybel gevind word.

> **2 Timotheüs 3:16-17**: *"16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, 17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

- Vertrouensverhouding
- Getuig
- Die Heilige Gees
- Die Woord
- **Die Ewige Lewe**

Indien ons met die Woord van God besig is, doen die Heilige Gees die werk. Die Heilige Gees bring die persoon by die Waarheid, Jesus Christus, die Ewige Lewe. Die Heilige Gees plaas die fokus op die regte plek, binne die Waarheid. Dit sluit in heiligmaking (afsondering), ware aanbidding en konteks tot hoop en die toekoms.

**1 Johannes 5:20-21**: "[20]*En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.* [21]*My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.„*

Die tema: Die Gewer van Lewe, die Ewige Lewe

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

Vertrouensverhouding

Getuig

Die Heilige Gees

Die Woord

Die Ewige Lewe





# Met liefde – Goddelike wysheid

‘n Gesprek tussen julle twee en wat die Woord sê, nie wat jy sê nie

Sê nie vir die persoon hy/sy is verkeerd nie, maar getuig oor hoe jy die Woord verstaan. Dit is moeilik met iemand waarby jy emosioneel betrokke is

Anders word jy beskuldig as:

- Neem jou gevange – julle christene mag nie kwaad word nie
- Jy mag nie oordeel nie – veral aantuiging van die liberale wêreld
- Jy slaan my met die Bybel oor die kop

# Die rol van die kerk?

## Wat is die Kerk?

"Kerk" afgelei van Griekse woord kuriaké wat beteken: Die Here s'n, of dit wat Syne is. "Heiliges" -Deur God afgesonder as Sy eiendom en in Sy diens (Levitikus 19:2 en 1 Petrus 1:1)

## Die eenheid van die kerk

God het aan die kerk sy eenheid gegee in Christus (Efesiërs 4:1-6; 15-16). Laasgenoemde teks wys ook dat Christus die groeikrag gee vir eenheid, samevoeging, saambinding – Die "Liggaam van Christus" (1 Korintiërs 12:4-22)

## Eenheid en verskeidenheid

Eenheid word juis beseël deur werkverdeling 1 Korintiërs 12:7 – Een Gees wat verskillende gawes uitdeel sodat hulle mekaar kan dien (1 Petrus 4:10).

Matteus 18:19-20: *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.* [20]*Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde."*

# Die rol van die kerk?

## Die algemeenheid van die kerk

Die algemeenheid van die Christelike kerk rus in God wat die Vader van alle gelowiges is (Galasiërs 3:26, Johannes 3:16 en Openbaring 5:9).

Pinkster het nou 'n realiteit vir almal geword en nie net vir die apostels nie. (Handelinge 10:45-47; Hand 11:17-18)

Ook in Johannes 17:20 word in die Hoëpriesterlike gebed die eenheid en algemeenheid van die Christelike kerk beklemtoon. Die gebede sluit alle gelowiges van die toekoms in. Eenheid van die geloof in die Woord.

## Die grense van die kerk

Waar presies die grens lê tussen die kerk en wat nie kerk is nie, dit weet die Here alleen. Want alleen die Here ken die wat syne is (2 Timoteus 2:19).

Ons moet gehoorsaam wees aan die opdrag wat die kerk t.o.v. die wêreld het : "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies"* (Matteus 28:19)

Beslissing wie binne of buite die kerk is, is die geloof in Jesus Christus, (Johannes 3:15; Galasiërs 3:26).

Die grens lê tussen geloof en ongeloof.

# Beskrywing van Apologetiek

## Die verbale verdediging van ons geloof

**Verwyder al die hindernisse en plaas die fokus op Christus**

**1 Korintiërs 2:1-5**: *"[1]En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan
julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of
van wysheid nie, [2]want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te
weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. [3]Ek was ook by julle in
swakheid en in vrees en in veel bewing; [4]en my rede en my prediking was nie
in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van
gees en krag, [5]sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie,
maar in die krag van God."*

# Beskrywing van Apologetiek

- Jy "gaan haal" die persoon met die grootste Wonderwerk op aarde en die verandering wat dit in jou lewe veroorsaak het.
- Die fokus van die gesprek bly by die Skrif en ons persoonlike getuienis - openbaring wat plaasgevind het. Ek het tot nuwe insig gekom en deel graag met jou.
- Die Heilige Gees doen die oortuiging en redenering deur die Woord, nie ons eie redenasies nie - Die Woord van God

**Psalm 119:102-107**:

*"102 Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want Ú het my geleer.*
*103 Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my*
*mond. 104 Uit u bevele kry ek verstand; daarom haat ek elke leuenpad.*
*105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. 106 Ek het gesweer,*
*en dit gehou, om u regverdige verordeninge te onderhou. 107 Ek is baie*
*diep neergedruk; HERE, maak my lewend na u woord!"*

# Die krag van die Woord
# Waarom Naamtetiese Apologetiek?

## Wat sê die Woord oor Apologetiek?

**Ons swig nie voor dwaal nie, en berus op gesag, die Woord**

- **Hebreërs 4:12**: *"Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart."*

- **2 Timotheüs 3:16-17**: *"16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, 17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*

## Die mens ondergaan heiligmaking deur die opdoen van kennis van God

### God se liefde en kennis van God

**Johannes 3:16**: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.„*

**Hosea 6:6**: *"Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.„*

**Efesiërs 4:30**: *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."*

# Kennis (van God) tot Heiligmaking tot Godsvrug
# dit staan vêr bo enige menslike kennis – filosofie

- **Efesiërs 3:16-21**: *"[16]dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, [17]sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, [18]en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, [19]en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. [20]En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, [21]aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.„*

- **2 Petrus 1:2-4**: *"[2]Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Vermaning om die Christelike deugde in beoefening te bring. [3]Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, [4]waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.*

# Ons moet mense help om ware kennis van God op te doen

- **Romeine 10:1-4:** *"[1]Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. [2]Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. [3]Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. [4]Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.„*

- **1 Korintiërs 8:1-3**: *"[1]En met betrekking tot die offervleis aan die afgode weet ons dat ons almal kennis het. Die kennis maak opgeblase, maar die liefde stig. [2]As iemand meen dat hy enige kennis het, weet hy nog niks soos 'n mens behoort te weet nie. [3]Maar as iemand God liefhet, dié word deur Hom geken.„*

- **Romeine 10:9**: *"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.„*

- **2 Timoteus 4:1-5**: *"[1]Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: [2]verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; [3]want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, [4]en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. [5]Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van n evangelis; vervul jou bediening."*

# Die Boodskap

**1 Petrus 3:15-16**

*"[15]Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis **omtrent die hoop wat in julle is**, met sagmoedigheid en vrees; [16]met behoud van 'n goeie gewete, sodat in die saak waarin hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, húlle beskaam mag word wat julle goeie lewenswandel in Christus belaster."*

***Hoop = Spesifieke Persoon en Toekoms Gerig***

# Wie is die Hoop?

- **Romeine 15:12-13**: *"[12]En Jesaja sê ook: Die wortel van Ísai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop. [13]En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!"*

- **1 Timoteus 1:1**: *"Paulus, 'n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop."*

- **Johannes 6:47**: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe."*

- **Hebreërs 9:28**: *"so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."*

## Die Sleutel van Dawid - Slegs deur Hom kan jy die Ou Testament verstaan.

- **Openbaring 3:7-8**: *"[7]En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: [8]Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.„*

- **Jesaja 11:1-2**: *"[1]Maar daar sal n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; [2]en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.„*

- **Johannes 5:37-39**: *"[37]En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gedaante gesien nie. [38]En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie. [39]Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig."*

**Dawid getuig as volg:**

Psalm 40:8: *"Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe."*

# Die Sleutel van Dawid - Slegs deur Hom kan jy die Ou Testament verstaan.

God praat met Dawid

2 Samuel 7:16

*"En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid."*

# Hoe het Paulus en Stephanus "geredeneer"?

**Die krag van oortuiging lê nie in menslike kennis en redenasies nie**

- **Romeine 1:21**: *"omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister."*

- **1 Korintiërs 2:1-5**: *"[1]En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, [2]want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. [3]Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; [4]en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, [5]sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God."*

- **2 Korintiërs 10:3-4**: *"[3]Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. [4]Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies."*

- **Kolossense 2:8-10**: *"[8]Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. [9]Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; [10]en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag."*

# Stephanus aan die woord

## Handelinge 7:2-4; 52

*"2 En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlikheid het verskyn aan
ons vader Abraham toe hy in Mesopotámië was, voordat hy in Haran gewoon het, 3 en
vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal
wys. 4 Toe het hy getrek uit die land van die Chaldeërs en in Haran gaan woon; en ná
die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin
julle nou woon." ……"52 Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja,
hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie
julle nou verraaiers en moordenaars geword het."*


Vir meer inligting: www.matthew28.co.za

# Paulus aan die woord

**Handelinge 19:8**: *"En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan.„*

**Handelinge 17:18-19**: *"[18]En sommige van die Epikuréïese en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry, en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode — omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het. [19]En hulle het hom geneem en op die Areópagus gebring en gesê: Kan ons verneem wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word?"*

**Handelinge 20:20-21**: *"[20]hoe ek niks agtergehou het van wat nuttig is nie, om dit aan julle te verkondig en julle te onderrig in die openbaar en in julle huise, [21]terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus."*


Bron: Wikipedia

# Naamtetiese Apologetiek

- Beginsels wanneer ons getuig
- Wat is die rol van die kerk?
- Beskrywing van Apologetiek
- Die Krag van die Woord
- Die Boodskap wat ons deel

# Hoe is die Bybel geskryf?

# Storieboek?

# Ons gaan na twee waarhede uit die Skrif kyk (vanuit baie)

- Messiaanse Profesieë
  Histories – Spesifieke Persoon – Die Messias – Jesus Christus

- Die Groot Verhaal
  Die Hoop vir alle nasies – Toekoms – Ewige Lewe

# Naamtetiese Apologetiek

- Lesing 1: Beginsels van Naamtetiese Apologetiek
- Lesing 2: Die Uniekheid van Christus – Die Gesalfde
- Lesing 3: Die Groot Verhaal – die Ewige Lewe
- Lesing 4: Anwoorde op aanslae teen ons geloof